

Gereformeerde Kerk Bellville – 24 April 2016 – Aand

Sing vooraf staande: Skrifberyming 14-1:1, 2

- 1 Waak, Christen, staan in die geloof / dat niemand jou die kroon ontroof!
Wees wys en dapper, sterk en moedig, / – steeds toegewy aan God se werk,
standvastig, onbeweeglik, sterk, / vol ywer, altyd meer oorfloedig –
dan sal jou arbeid in die Heer / tot seën wees, sy Naam ter eer!
- 2 Wees, Christen, in jou Heer versterk, / want Hy wil altyd in jou werk
om kwaad en sonde te weerstrew. / Verrig jou taak met vaste hand,
en doen jou woord altyd gestand; / wil daarby rein en matig lewe.
En wil die Here dat jy ly, / o Christen, leer geduld daarby!

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die
kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 150:1, 3 (p. 719)

- 1 Loof God, loof sy Naam alom! / Loof Hom in sy heiligdom!
Loof die HEER se grote mag / in die hemel van sy krag!
Loof Hom om sy moëdhede, / om die menigvuldigheid
van sy mag en majesteit, voor sy troon en hier benede.
- 3 Loof God – dit is sy bevel – / met die helder simbelspel!
Loof Hom met die klinkmetaal / van die vrolike simbaal!
Loof die HEER en gee Hom ere – / al wat kruip en roer en sweef,
al wat asem het en leef! / Halleluja, loof die HERE!

Gebed

Psalm 62:1, 5 (p. 301)

- 1 Gewis, my siel is stil tot God! / My redding kom op sy gebod, /
geen vyand hoef ek nou te dug nie. / Hy is my rots, 'n skans vir my,
Hy sal my voetstap ook dán lei / wanneer ek nêrens meer kan vlug nie.
- 5 In God is al my heil, my eer, / my sterke rots en teëweer.
God is my toevlug in die lewe. / Vertrou op Hom, o volk, in smart
stort voor Hom uit jul hele hart, / God is 'n skuilplek, hoog verhewe.

Skriflesing: Filippense 1:27- 2:18; Dordtse Leerreëls, Hoofstuk 3 en 4, Artikel 14

Kernvers: Filippense 2:12-13

Daarom, my geliefdes, soos julle altyd gehoorsaam gewees het, nie in my teenwoordigheid alleen nie, maar baie meer nou in my afwesigheid, werk julle eie heil uit met vrees en bewing; want dit is God wat in julle werk om te wil sowel as om te werk na sy welbehae.
(Filippense 2:12-13 AFR53)

Dordtse Leerreëls

Hoofstuk 3 en 4, Artikel 14

So is die geloof dan 'n gawe van God, nie omdat dit deur God aan die vrye wil van die mens aangebied word nie, maar omdat dit inderdaad aan die mens geskenk word en vir hom ingegee en in hom ingestort word. Ook is dit nie so dat God net die vermoë om te glo gee en daarna van die mens se oordeel instemming of daadwerklike geloof verwag nie.

Maar Hy bring sowel die wil om te glo as die geloof self in die mens tot stand. Hy wat immers in die mens werk om te wil sowel as om te werk, bewerk alles in almal.

'n Verduideliking by artikel 14

Die lyn van ons belydenis in hoofstuk 3 en 4 het van die bekering van mense gegaan na die weergeboorte en bring ons uiteindelik dan by die geloof. Dit is die lyn van artikel 10 af tot 13. Met hierdie artikels sê ons agter die Here aan (dit is wat dit beteken om te bely – ons sê agter die Here aan) dat die bekering van 'n mens die werk is van die soewereine genade van God. Die weergeboorte is ook die werk van die soewereine genade van God en net so is die geloof ook die werk van God se soewereine genade.

In artikel 14 beklemtoon ons dat die geloof inderdaad 'n gawe van God is. Dit is nodig om hierdie saak duidelik te stel, want die Remonstrante gesê het: ***Met die ware bekering vir die mens kan geen nuwe eienskappe, kragte of gawes deur God in sy wil gestort word nie. Daarom is die geloof waardeur ons die eerste keer bekeer word en gelowiges genoem word nie 'n eienskap of 'n gawe wat deur God ingestort word nie, maar net 'n daad van die mens. Die geloof kan alleen 'n gawe genoem word vir sover die mens deur sy eie vermoë daartoe kom.***

Uit hierdie woorde van die dwaalleraars laat hulle 'n mens verstaan dat die mens geloof reeds as 'n besitting het. Al wat die Here kwansuis moet doen is om vir die mens die vermoë te gee om die geloof te gebruik. Hierdie gedagte ignoreer die Here se eie woorde in Efesiërs 2 waar Hy sê:

Uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God; (Efesiërs 2:8 AFR53)

Geloof is geheel en al 'n gawe van God. Met die woord *gawe* word nie maar net bedoel dat God geloof vir die mens aanbied en nou is die mens self in staat om met sy vrye wil hierdie geloof te aanvaar of nie. Met *gawe* word juis bedoel dat God die geloof skenk in die sin dat Hy dit in die mens ingee en in hom instort. Wanneer die Here dus geloof aan die mens gee, kry die mens iets wat hy nie voorheen gehad het nie.

Die gawe wat God aan die mens gee, is nie maar net die vermoë of vaardigheid om te glo nie. Die Here gee nie 'n vaardigheid om nou self geloof in die hande te kry of om iets te gebruik wat hy nie het nie. Dit is die Here wat self die wil om te glo en die geloof self in die mens opwek. Die Here bewerk inderdaad alles in die mens – die wil om te glo sowel as die geloof self asook om te glo.

Tema: God se vrymag en die gelowige se verantwoordelikheid

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, ons glo met ons hart en bely met ons mond dat geloof 'n gawe van God is. ***Die Heilige Gees werk die geloof in ons harte deur die verkondiging van die evangelie***, bely ons in Sondag 25. Hier in artikel 14 bely ons dat God die geloof in die mens instort en ingee. Die mens besit dus nie geloof alvorens die Here met hom begin werk nie. Die Here gee die geloof, so sê die Heilige Gees vir ons in Efesiërs 2.

Maar dan lees ons ook in die Bybel dat die mens aangesê word om te glo. Wanneer Jesus sy openbare optrede begin, sê Hy:

Die tyd is vervul en die koninkryk van God het naby gekom; bekeer julle en glo die evangelie. (Markus 1:15 AFR53)

In Filippi het die tronkbewaarder vir Paulus en Silas gevra wat hy moet doen om gered te word. Paulus en Silas se antwoord was:

Glo in die Here Jesus Christus en jy sal gered word, jy en jou huisgesin.
(Handelinge 16:31 AFR53)

Dit is hierdie uitsprake wat vir ons sondige en ongeoefende ore teenstrydig klink. Is dit nou die Here wat geloof gee of is dit my verantwoordelikheid om te glo? Omdat dit vir die mense klink asof hier teenstrydige uitsprake gegee word, gebeur dit dat mense een van die twee uitsprake kies. Party lê dan die klem uitsluitlik op God se soewereine werk en dan sê hulle dat 'n mens nou maar net moet sit en wag. As die Here wil hê ek moet glo, sal Hy vir my geloof gee. Ek het nie geloof nie en kan niks doen om geloof te kry nie. Ander mense lê dan weer die klem uitsluitlik op die mens se verantwoordelikheid. Jy moet alles in jou vermoë doen om gered te word, want dit hang van jou af of jy in die Here gaan glo of nie. As jy nie glo nie, sal jy verlore gaan en dan kan jy net jouself daarvoor blameer.

Broers, susters en kinders, ek is daarvan oortuig dat die Here ons met hierdie twee duidelike uitsprake nie leer om te sê dit is die een of die ander een, soos wat sommige mense dit moedswillig doen nie. Die balans wat die Here ons leer is dat die Here soewerein is in sy gee van die gawe van geloof. En die mens is terselfdertyd verantwoordelik om die geloof wat die Here gegee het te gebruik deur te glo. Die Heilige Gees leer ons hierdie balans wanneer Hy vir ons sê:

werk julle eie heil uit met vrees en bewing; want dit is God wat in julle werk om te wil sowel as om te werk na sy welbehae. (Filippense 2:12b-13 AFR53)

Om hierdie woorde behoorlik te verstaan, moet ons eers na die konteks kyk waarin dit geskryf staan. Vers 12 lei die gevolgtrekking in van die oproep wat al in Filippense 1:27 be-gin het. Paulus roep die gemeente in Filippi op tot eensgesinheid en nederigheid teenoor mekaar. Kenners van die Griekse taal wys daarop dat die woorde wat Paulus gebruik, soos *eensgesindheid*, *standvastig* en *saamstry*, tipiese militêre taal is. Dit is ook geen wonder nie, want die lidmate in Filippi was bekend met militêre taal. Filippi was 'n Romeinse kolonie – 'n stad waar uitgetrede soldate gebly het.

Verder is dit ook opmerklik dat die opdrag in ons kernverse in die meervoud gegee word. Die hele gemeente moet dus hulle heil uitwerk. Op grond van die nederige gesindheid van Jesus Christus moet die gemeente die praktiese implikasies van hulle verlossing in hulle verhouding met mekaar uitwerk. Die Here is immers in die gemeente aan die werk – daarvan is Paulus oortuig, soos dit duidelik word aan die begin van hoofstuk 2. Daarom moet die lid-mate hulle persoonlike regte eenkant laat en mekaar nederig dien deur die ander se belange bo hulle eie te plaas. Sodoende sal die gemeente inderdaad ligdraers in die wêreld wees.

Die woord wat ons met *heil* vertaal – **werk julle eie heil uit** – kan ook vertaal word met *ver-lossing* of *redding*. Ons weet dat verlossing 'n radikale begrip is. Iemand wat nie in Christus glo as persoonlik Verlosser en Saligmaker nie, is nie verlos nie. So 'n mens is aan die verlore gaan en as hy nie tot bekering kom nie, sal hy vir ewig verlore gaan. 'n Mens sal eers besef dat hy Christus nodig het om hom te red wanneer hy ontdek het hoe verlore en dood hy werklik in sy sonde is.

Hierdie ontdekking sal 'n mens eers kan maak wanneer die Heilige Gees 'n mens se verstand verlig het, sy hart versag het en nuwe eienskappe in sy wil uitgestort het. Geen sondaar kom self tot die besef dat hy verlore en dood is nie, want hy weet nie uit sy eie

hoe sy lewe werklik lyk nie. Dit is God alleen wat die radikale werk van verlossing kan doen. Net Christus kan die skuld van 'n mens volledig betaal sodat die Heilige Gees daardie mens vanuit die duistere ryk van die duiwel kan oorbring na die ryk van Christus waar daar deur Hom vergifnis van sondes is.

Paulus het hierdie brief geskryf aan mense wat reeds hierdie radikale verlossing deur Jesus Christus ontvang het. God het reeds die goeie werk van redding of verlossing in hulle begin (Fil 1:6). Nou word hulle opgeroep om hierdie verlossing wat hulle het verder uit te werk. Wat moet hulle uitwerk? Hulle moet die volle praktiese implikasies van die verlossing wat hulle deur die Heilige Gees se werk van Christus ontvang het uitwerk. Ons hoor dus dat jy eers jou heil kan uitwerk wanneer jy die heil ontvang het. Net hulle wat verlossing ontvang het kan hulle eie heil uitwerk.

Toegepas op wat ons hier in artikel 14 bely: 'n Mens kan eers glo wanneer God geloof in 'n mens ingegee en ingestort het. Van nature het 'n mens nie geloof nie, daarom kan iemand nie glo nie as hy nog nie geloof ontvang het nie. Maar wanneer 'n mens die geloof ontvang het, het 'n mens die verantwoordelikheid om daardie geloof te gebruik deur te glo. Wanneer 'n mens die verlossing ontvang het, is dit noodsaaklik dat 'n mens die implikasies van die verlossing moet uitwerk in die praktiese dinge van elke dag.

Noudat die Here aan hierdie gemeente die verlossing geskenk het, moet hulle hierdie twee oënskynlike teenstrydighede vashou, naamlik dat verlossing van die begin tot die end God se werk is, maar ook dat hulle terselfdertyd die verantwoordelikheid het om hulle eie heil uit te werk.

Die Heilige Gees maak die rede duidelik waarom die Filippensers hulle eie heil moet uitwerk,

want dit is God wat in julle werk om te wil sowel as om te werk na sy welbehae.
(Filippense 2:13 AFR53)

Niemand is verlos omdat hy vir God gekies het nie. Enigiemand wat verlos is, het die verlossing ontvang omdat God dit vir hom wou gee. Jesus sê dit ook baie duidelik in Johannes 15:

Julle het My nie uitverkies nie, maar Ek het julle uitverkies en julle aangestel om vrug te gaan dra. (Johannes 15:16 AFR53)

Dat God alleen deur Jesus Christus aan die mens die verlossing skenk, het ons geen twyfel nie. Jesus sê dit op verskeie plekke baie duidelik:

Niemand kan na My toe kom as die Vader wat My gestuur het, hom nie trek nie; en Ek sal hom opwek in die laaste dag. (Johannes 6:44 AFR53)

Om hierdie rede het Ek vir julle gesê dat niemand na My toe kan kom as dit hom nie deur my Vader gegee is nie. (Johannes 6:65 AFR53)

Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie. (Johannes 14:6 AFR53)

Die verlossing deur Jesus Christus self en die trek van die mens na Christus toe deur die Heilige Gees, is nie die enigste wat God met die mens se verlossing te doen het nie. Van die oomblik af dat die Heilige Gees die weergeboorte aan die mens geskenk het, is Hy elke liewe oomblik besig met daardie mens. In die woorde van Paulus aan die Romeine

hoor ons dat die Here van die begin tot die end aan die werk is en bly om die mens tot volle verlossing te bring: **Dié wat Hy daartoe bestem het, het Hy ook geroep. En dié wat Hy geroep het, het Hy ook vrygespreek. En dié wat Hy vrygespreek het, het Hy ook verheerlik.**

(Romeine 8:30 AFR83)

Van die begin tot die end – tot die mens uiteindelik verheerlik saam met die Vader en die Seun op die nuwe aarde mag woon – is God voluit aan die werk. Indien die Heilige Gees nie aanhoudend in 'n gelowige werk nie, sal daardie gelowige nie kan aanhou glo nie. Maar watter werk doen God in die gelowiges? **God werk in julle om te wil sowel as om te werk.** Die Heilige Gees bring die wil van die mens in beweging omdat Hy nuwe eienskappe daarin uitgestort het. En wanneer die mens se wil begin beweeg, wil die mens self ook in pas met die Heilige Gees in die spore van Jesus Christus volg, en sodoende begin die mens self ook werk – self ook sy eie heil uitwerk en glo.

Juis omdat God in die gelowiges werk om te wil sowel as om te werk, kan dit nie anders nie dat die gelowiges ook hulle eie heil met vrees en bewing uitwerk. Omdat die Heilige Gees die geloof met die verkondiging van die evangelie in die mens ingee en instort glo die mens en wil hy glo, want die Heilige Gees het saam met die geloof ook die onwillige wil van die mens gewillig gemaak.

Miskien sal hierdie oënskynlike teenstrydigheid opgeklaar word as ons na twee wonders van Jesus gaan kyk. By die bad van Betesda was daar 'n sekere man wat al agt en dertig jaar lank siek was sodat hy nie kon loop nie. Jesus het net vir hom gesê dat hy moet opstaan, sy bed moet opneem en loop. Die man het dadelik gesond geword en opgestaan en geloof. Deur sy woorde het Jesus bonatuurlike krag in die man gewerk sodat hy Jesus se opdrag kon uitvoer.

Die tweede wonder gaan dit miskien nog duideliker maak. Lasarus was al vier dae dood in die graf. Toe hulle die klip voor die graf weggerol het, het Jesus net gesê: *Lasarus, kom uit!* En wat gebeur? Die oorledene het uit die graf gekom met die grafdoeke nog om hom gedraai. Deur sy woorde het Jesus bonatuurlik die lewe in die dooie Lasarus ingestort sodat hy kon hoor en die Here gehoorsaam. Lasarus kon nie hoor of loop nie, want hy was dood. Maar nadat Jesus geroep het, het hy gehoor en uitgekom.

Alhoewel Jesus in albei hierdie manne wonderlike verrig het, het dit nie beteken dat hulle niks hoef te doen nie. Hulle moes opstaan en loop. Wanneer die Heilige Gees die bonatuurlike krag in 'n mens werk deur weergeboorte te skenk aan die mens, beteken dit nie dat die mens glad niks hoef te doen nie. Hy moet in hierdie nuwe lewe wat hy ontvang het lewe. Omdat hy die geloof ontvang het, moet hy glo en in die geloof lewe.

Die gelowiges in Filippi moes hulle eie heil met vrees en bewing uitwerk. Met ywer moes hulle hulleself daarop toelê om wat die Here in hulle gewerk het – die verlossing – in al die praktiese implikasies uit te werk. Vir hulle het dit beteken dat hulle verlossing sigbaar moes word in die nederigheid en eensgesindheid waarmee hulle met mekaar saam gelewe het.

Toegepas op hierdie artikel: Wanneer die Here geloof in jou ingee en ingestort het, moet jy met vrees en bewing daardie geloof gebruik deur te glo. *Met vrees en bewing* beteken dat 'n mens enersyds ontsag het vir God. Hy werk die geloof in jou, en omdat jy eerbied vir God het glo jy ook. Andersyds beteken dit dat jy jou eie swakheid en geneigdheid tot ongeloof ken, daarom soek jy aanhoudend die kragtige werk van die Here sodat jy kan

aanhou glo.

Geliefdes, die Here is soewerein wanneer Hy die verlossing aan 'n mens skenk. Niemand sê Hom voor wat Hy moet doen nie. Hy voer sy wil uit. En wanneer Hy die verlossing gee, begin Hy met die mens en doen alles van die begin tot die end sodat die mens uiteindelik saam met Hom op die nuwe aarde kan lewe. Maar in sy besig wees met die mens, neem Hy nooit die mens se verantwoordelikheid oor of weg nie. Daarom bly dit die mens se verantwoordelikheid om sy verlossing uit te werk omdat God dit in hom werk. Ons moet glo omdat die Heilige Gees die geloof ingee en aanhoudend versterk.

Amen!

Slotgebed

Skrifberyming 14-3:1, 4

- 1 Versterk jul in die Heer se krag, / die krag wat nooit, ja nooit, sal taan.
Kom trek, gesterk deur God se mag, / sy volle wapenrusting aan.
Jul sal so staande bly, / ná elke veldslag vry.
Jul sal teen Satan stry, / sy sluwe lis bestry, / in God se krag hom trou weerstaan.

- 4 Stry altyd biddend deur die Gees, / terwyl jul God van harte smEEK.
Volhard en laat jul bede wees / vir heiliges in elke streek.
En bid dat God se Woord / gepreek word soos dit hoort,
geheimenisse soet / vrymoedig en met moed / nou kragtig uit my boeie breek!

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
24 April 2016